



# HUISKERKLITURGIE

VERSORG · TOEGERUS · GESTUUR

**TUINEDAL**  
*huisgesin van God*

**Sondag, 2 Mei 2021 (Paastyd)**

**Lukas 10: 25-37**

**7-weke reeks: die 7 C's - #4: Care**

- ✓ As jy alleen is, maak gebruik van sosiale media of WhatsApp calls, Telegram of Zoom en doen dit saam met 'n geliefde.
- ✓ Vergader op 'n gemaklike plek waar julle nie gesteur kan word nie.
- ✓ Stel jou selfoon sodat jy nie gepla word nie.
- ✓ Sorg dat 'n **stuk papier en pen** byderhand is indien jy notas wil maak.
- ✓ Steek 'n kers aan as simbool van God se teenwoordigheid.



## Ons ontmoet God

- ✓ Raak vir 'n oomblik stil en fokus jou gedagtes op die ontmoeting.
- ✓ Laat iemand 'n gebed doen om God se teenwoordigheid te vier.
- ✓ Groet mekaar met hierdie Paastyd woorde: **“Die Here het waarlik opgestaan.”**

## Ons ontmoet mekaar

Ons is in die Paassiklus van die kerklike jaar en meer spesifiek in Paastyd: die tyd tussen Opstandingsondag en Hemelvaart. Die fokus val op die opgestane Christus; Hy leef en ons saam met hom. **Die Sondae het daarom 'n vreugdevolle karakter.**

Ons vier vandag die vierde week van ons 7-weke reeks met die tema: die 7 C's. Vandag se tema is Care. Die afgelope week het die kleingroepe saam gepraat oor die teks en die tema en vandag vier ons dit in die erediens.

*Luister na Ds Pieter se voice note op verskillende platvorms (WA 0614703626 & [www.tuinedal.co.za](http://www.tuinedal.co.za))*

## Ons lees die Woord (Lukas 10:25-37)

Ek het die '83-vertaling gebruik vir vandag se boodskap.

## Agtergrond en konteks

Laat iemand vers 25 tot 29 voorlees.

Daar is 'n paar goed wat ons in gedagte moet hou as ons die betekenis van hierdie perikoop wil begryp:

- Hierdie gelykenis kom net in die Lukas-evangelie voor. Jesus probeer 'n belangrike punt oor sy interpretasie van die wet tuisbring met die vertel van hierdie verhaal. Hy en die wetsgeleerde stamp koppe oor hoe die wet verstaan moet word.
- Die wetsgeleerde is negatief en vyandiggesind teenoor Jesus en konfronteer die Rabbi met 'n strikvraag. Met sy gladde mond en kennis van die wet antwoord hy Jesus se teenvraag moeiteloos.
- Die wetsgeleerde staan nie terug nie en "wou homself handhaaf"(v29). Hy vra derhalwe die vraag wat hom eintlik in sy eie strik laat trap nl: "Wie is my naaste?"
- Met Jesus se antwoord in die vorm van die gelykenis keer Jesus eintlik die wetsgeleerde se vraag om en rig dit op homself


## Ons praat saam

### Die trand van die gelykenis

Laat iemand vers 30 tot 37 voorlees

Die toneel wat geteken word, is aan die toehoorders bekend:

- 'n Joodse man reis tussen Jerusalem en Jerigo – 'n uiters gevaarlik pad in daardie dae weens rowers wat daarop bedrywig was.
- Die verwonde man lê langs die pad in die hoop dat 'n verbyganger hom sal help.
- **Die priester** is veronderstel om diens te lewer aan sy medemens. Hy hou egter verby en raak nie aan sy medemens nie!
- **Die Leviet** behoort vanweë sy godsdienstige amp en kennis bereid te wees om te help. Hy reageer egter net soos die priester!
- **Die Samaritaan** bring die verrassing na die verhaal:
  - Hy was 'n buitelanders en van ander oortuigings as die Jode.
  - Hy is eintlik die vyand van die gewonde Jood.
  - Dit was totaal onaanvaarbaar vir 'n Jood dat 'n Samaritaan hom moes aanraak, wat nog te sê van versorg.
  - Die joodse slagoffer het egter geen keuse as om van hierdie man se hulp gebruik te maak nie.



- 'n Mens verwag van die priester en die Leviet om vanweë hulle godsdienstige ampte die beseerde man te help. Hy is ook soos hulle 'n Jood wat a.g.v. geen fout van sy eie nie in die moeilikheid beland het. En tog kies hulle om nie om te gee nie! Hulle sien die hulpelose man, maar gaan verlangs verby (verse 31-32). Die een wat omgee (hom innig jammer kry, hom versorg en betaal vir sy verdere versorging) en prakties doen wat Jesus se liefde van ons vra, is 'n Samaritaan.
  - *Vertel aan mekaar 'n storie of twee toe een van julle jou naaste gehelp het wat hulpeloos afhanklik was. Dalk by 'n ongelukstoneel of vir iemand op straat wat aan die einde van hulle planne gekom het of vir 'n vriend of familielid wat regtig nie meer raad of daad gehad het nie. Dink aan hoe dit jou as helper laat voel het.*
  - *Probeer nou self om Jesus se vraag oor wie ons naaste is te beantwoord. Dink lekker prakties aan byvoorbeeld die buurt waar jy woon en die dorp waarin jy bly.*

## Toepassing

Die wetsgeleerde se vraag veronderstel dat mens sy naaste kan afbaken en besluit waar die grens is. Jesus kom breek daardie grens af. Hy maak plek vir die uitlander; die een wat nie die wet onderhou volgens die wetgeleerde se interpretasie nie.

Jesus wys met sy gelykenis dat die Samaritaan eintlik die wet onderhou deur regtig om te gee vir iemand in desperate nood.

Hiermee **radikaliseer** Jesus die wet!

- Dit gaan dus oor die aanvaarding van hulp en barmhartigheid van 'n vyand.
- Jesus verander die vraag na: **“Vir wie is jy 'n naaste?”**
- Dit beteken **ons moet aktief betrokke wees by ander mense**, al is daar sosiale en godsdienstige hindernisse tussen ons.
- Johannes 13:34 verklaar immers:
 

*“<sup>34</sup>Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. <sup>35</sup>As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”*

## Ons Leef en Doen: “Gaan maak jy ook so.”

Kom ons gesels oor die praktiese implikasies van 'n naaste wees vir iemand in nood:

1. Hoe gaan mense weet dat ons dissipels van Jesus is? Sien Johannes 13 hierbo. Wat beteken dit in jou alledaagse lewe?
2. Een van die 5 temas in Tuinedal se visie is **versorg**. Sien die grafika hieronder. Hoe en wie gaan jy versorg hierdie week? Kyk spesifiek na elkeen van die punte in die grafika hieronder. Mens sou ook kon vra: **“Hoe gaan jou geloof deur die liefde tot dade oorgaan?”**

3. Besluit as groep om 'n spesifieke inisiatief wat hulp verleen in ons gemeenskap te ondersteun (*soos die nagskuiling, CREMHOG, ons gemeente se voedingskema*). Betsie by die kerkkantoor het meer inligting.

## Ons luister saam

Luister na die volgende lied: “**Gekruisigde Hande**” van Louis Britz.

[https://www.youtube.com/watch?v=zG\\_xs74bNqQ](https://www.youtube.com/watch?v=zG_xs74bNqQ)



## Ons bid vir mekaar

*Maak gebruik van die gebedsversoeke in ons Bulletin. Laat elkeen 'n versoek kies en bid dan daarvoor.*

## Seën

Geliefdes van die Here Hy **sal** in hierdie week

- julle seën en beskerm;
- tot julle redding verskyn en genadig wees;
- die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

---

### versorg



### *Ons dra mekaar* beteken...

- Ons ondersteun mekaar.
- Ons bid vir mekaar.
- Ons sien om na mekaar se fisiese, geestelike en emosionele behoeftes.
- Ons soek geleenthede waar ons mekaar kan dien.

#### **Gal 5:6b**

Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan.

---